kaleo

funksie & verblyf

GASTEPLAAS

**KONTAK:**

Alet van Heerden
Sel: 082 875 3656
E-pos: functions@kaleomanor.co.za

## ALGEMENE REËLS - TROUE

- Finale getalle, uitleg van tafels met hoeveelheid gaste en tydlyn moet 14 dae voor die troue aan ons deurgegee word.
- Indien verskaffers van buite die blomme en dekor doen, is ons baie streng daarop dat dit op die Vrydag afgehandel moet wees. Op die laatste om 17h00. Die personeel moet nog opruim en skoonmaak sodat alles reg is vir die Saterdag. Indien verskaffers om een of ander rede nog die Saterdag moet inkom en werk, sal 'n addisionele skoonmaaktarief teen die bruid se rekening gehef word.

- Die venue sal Saterdae vanaf 12h00 oopgesluit wees vir die verskaffers om in te kom. Ons kan ongelukkig nie vir elkeen wat nog ietsie wil kom insit of doen heeloggend oopsluit nie. Vanaf 12h00 is ons aan diens en sal alles dan gebeur.

- Venue is Sondae gesluit. Indien daar geen ander uitweg is nie, sluit ons oop teen 'n tarief van R500. Indien Kaleo Personeel benodig word, word 'n addisionele tarief per werker gehef. In voormelde geval sal die venue dan slegs oop wees 09h00 – 11h00. Ons word soms heel Sondag oggend gebel oor selfone, handsakke, baadjies ens. wat nog in die venue is. Indien dit nie binne hierdie tyd afgehaal word nie, sal daar dan moet reëlings getref word om dit self in die week te kom afhaal – geen kourier diens vanaf Kaleo. Geen ontbyt word Sondae in en om Venue bedien nie.

- Sien akkommodasie kontrak vir alle inligting rakende bespreking van akkommodasie.

- Indien enige borde, linte, ballone langs die pad aangebring word om rigting aan te dui na die troue, moet dit asb. Sondag verwyder word. Dit gebeur soms dat ons nie deur die week verby die borde/ballone ry nie, dan sit die ou aanwysings nog met die volgende troue. Indien nie verwyder word nie, sal 'n fooi van R500 by die finale rekening gevoeg word.

- Kommunikeer asb. per epos nadat venue bespreek is. Whatsapps maak verwysing baie moeilik.

- Totale bedrag uitstaande moet 14 dae voor troudatum ten volle betaal wees. Die deposito word Maandag na die troue in berekening gebring.

**Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd.**

Reg. nr. 2012/157224/07 | Direkteure: R.J. Gibson & L. Goosen

Malabar Plaas, Koue Bokkeveld | Posbus 146, Ceres, 6835 | Tel. 082 875 3656 / 023 004 0298

E-pos: functions@kaleomanor.co.za / stay@kaleomanor.co.za

www.kaleomanor.co.za

# TROU AKKOMMODASIE KONTRAK

- Indien venue deposito betaal word, word Akkommodasie outomaties uitgeboek vir 2 nagte.
- Akkommodasie word aanlyn uitgeboek. Dit weerhou gaste van buite om direkte besprekings te doen.
- Akkommodasie word verkieslik vir 'n minimum van 2 nagte uitgeboek - een nag besprekings word egter toegelaat teen 'n addisionele bedrag van R60 pppn.
- Daar is 2 opsies waarolgens Akkommodasie tydens 'n trou behartig kan word:
  1. Ek (die persoon wat die besprekings maak) maak 'n kwotasie uit van alle Akkommodasie vir 2 nagte aan die bruidspaar. Die bruidspaar betaal dan die bedrag direk aan ons. 'n Lys van Akkommodasie indeling moet aan ons verskaf word, sodat ons die gaste na die regte plekke kan allokeer. Kaleo aanvaar geen aanspreeklikheid hier vir foutiewe indelings nie. Dit is ook die bruid se verantwoordelikheid om presies aan die gas te verduidelik hoe hul betrokke eenheid lyk en hoe ver dit van Kaleo is, indien dit een van ons ander eenhede is.
  2. Die bruid moet 'n volledige Akkommodasie lys opstel. Elke gas word dan na 'n eenheid geallokeer en dan moet ons 'n volledige lys kry van die gaste se epos-adresse. Ons stuur dan die faktuur direk aan die gas.
     Deposito's moet binne 7 dae na die faktuur betaal word. Indien die gas verbeur om die deposito binne 7 dae te betaal, word die eenheid outomaties oopgestel. Geen verdere kennisgewing word aan die gas gegee nie. Die bruid sal in kennis gestel word, sy kan dan iemand anders allokeer of ons stel dit oop vir buite-gaste.
- Indien bruid nie Akkommodasie aan buite-gaste wil afstaan nie is volle bedrag van Akkommodasie deur bruid betaalbaar. Indien nie alle akkommodasie (insluitend kampplekke) 'n maand voor die tyd geboek is deur die trou-gaste nie, behou Kaleo die reg voor om akkommodasie oop te stel aan die publiek.
- Indien die bruid die Manor gebruik vir oorslaap die Vrydag aand, maar die Saterdag net wil aantrek en niemand slaap oor nie - hef ons 'n tarief van R1500.
- Indien die bruidspaar vir sommige gaste die Akkommodasie betaal, moet dit asb. duidelik so op die lys aangetoon word.
- Alle uitstaande Akkommodasie is ten volle betaalbaar **voordat die gaste inboek**. Baie gaste wil die Sondag voordat hulle uitgaan betaal en hier is niemand op 'n Sondag op kantoor nie. **NB - Betaling asb. voor gaste arriveer.**
- Stel asb. al die gaste in kennis om verwysing vir Akkommodasie betaling die kwotasie nommer te gebruik om verwarring uit te skakel. Bewys van betaling MOET gestuur word na stay@kaleomanor.co.za.
- Indien die gas arriveer moet hulle asb. alle besprekings dokumentasie saam bring dit sluit in bewys van betalings ook.
- Neem asb. kennis dat dit nie vir ons moontlik is om elke dag 'n opgedateerde lys aan die bruid te verskaf nie.
- Bruidspaar moet aan gaste deurgee in teken tyd is vanaf 14:00–19:00. Na ure kan hul ons skakel en ons sal hek oopmaak. Uitklok tyd is streng  10:00. Laat uitklok sonder vooraf reëlings is onderhewig aan 'n boete.

**SKOONMAAK OPSIES**

1. Slegs regtrek van beddegoed en opruim voor fotos – R250 per eenheid.
2. Skoonmaak van hele eenheid (beddegoed vervang, skottelgoed ens.) – R500 per eenheid.
   Bogenoemde moet vooraf gereël word.

**Enige Akkommodasie navrae en besprekings word gedoen by Conohick Sel no. 082 922 8967 of epos stay@kaleomanor.co.za.**

## BEVESTIGING VAN BESPREKING & VOORWAARDES

Hiermee bevestig ek my bespreking en stuur ook die bewys van betaling van 25% deposito wat inbetaal is op:

______________________________________________

Ek bevestig hiermee dat ek Kaleo se bruidsgids & reels gelees het en my van die inhoud daarvan vergewis. Ek onderneem om by die reëls en voorwaardes te hou. Ek sal nie later as die ______________________ die finale getal gaste deurgee.
(14 dae voor troudatum)

Ek verstaan dat getalle daarna nie meer verminder kan word nie.

**PERSOONLIKE INLIGTING VAN VERANTWOORDELIKE PERSOON:**

Naam (in drukskrif) ______________________ Datum van troue ______________________

ID Nommer ______________________ Tel. Bruid ______________________

Straat adres ______________________ Tel. Bruidegom ______________________

______________________ E-pos ______________________

Troue van (Bruid & Bruidegom) ______________________

______________________ ______________________

Handtekening Datum

**TERUGBETAALBARE DEPOSITO INBETAAL**

Bank ______________________ Tak en nommer ______________________

Rekeninghouer ______________________ Rekening nommer ______________________

### BANKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| Standard Bank | : | Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd. |
| Rekeninghouer | : | 203 241 851 |
| Tak nommer | : | Ceres, 050007 |
| Verwysing | : | Troudatum en Naam |

*Stuur asb. bewys van betaling na functions@kaleomanor.co.za


**Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd.**

Reg. nr. 2012/157224/07 | Direkteure: R.J. Gibson & L. Goosen

Malabar Plaas, Koue Bokkeveld | Posbus 146, Ceres, 6835 | Tel. 082 875 3656 / 023 004 0298

E-pos: functions@kaleomanor.co.za / stay@kaleomanor.co.za

www.kaleomanor.co.za

## VENUE TARIEF:

**1 Oktober – 30 April:** **R30 000**

*Die koste per persoon wat die troue bywoon is R80.*
*Bogemelde R80 sluit in:*
- *Kombuistarief*
- *Kelners (hoeveelheid word bepaal volgens getal gaste)*
- *Kroegfasiliteit*
- *2 Kroegmanne*

*Hierdie tariewe geld vir 'n troue van 13h00 tot 24h00 of oggendtroue vanaf 08h00 tot 18h00.*

**1 Mei – 30 September:** **R26 000**

*Die koste per persoon wat die troue bywoon is R80.*
*Bogemelde R80 sluit in:*
- *Kombuistarief*
- *Kelners (hoeveelheid word bepaal volgens getal gaste)*
- *Kroegfasiliteit*
- *2 Kroegmanne*

*Hierdie tariewe geld vir 'n troue van 13h00 tot 24h00 of oggendtroue vanaf 08h00 tot 18h00.*

## TARIEF EN FASILITEITSFOOI SLUIT DIE VOLGENDE IN:

### SEREMONIE

- Kerkie met sitplek vir 110 gaste
  OF
- Grasperk onder bome vir buitelug seremonie.

### BUITESTOEP & SITKAMER

- Gemeubileerde sitkamer
- 6 x Cocktail stoeptafels
- 5 x Stoep sambrele

### ONTHAAL TOT 24:00 | OGGEND FUNKSIE TOT 15:00

- Ons saal bied sitplek vir 145 mense met 'n dansbaan en 200 mense daarsonder.
- Tafel keuse: ronde wit of lang hout tafels
- Stoel keuse: wit of roesbruin ysterstoele
- Eetgerei & breekware
- Dek van tafels
- Opruiming
- Troue koördineerder - hulp met dekor & blomme
- Doen van blomme & dekor teen addisionele bedrag
- Kelners (hoeveelheid word bepaal volgens getal gaste)
- Op dag koördineerder

## UITGESLUIT BY DIE PRYS:

### SEREMONIE

- Mat
- Ghost chairs @ R25 per/stoel
- Trou gazebo & tente
- Dekor vir seremonie
- Klank toerusting en verlengingskoorde

### BUITESTOEP & SITKAMER

- Addisionele buite meubels
- Photo booth
- "Lounge Pockets"

### ONTHAAL TOT 24:00 | OGGEND FUNKSIE TOT 15:00

- Ander tipe stoele
- Tafeldoeke
- Servette
- Blomme
- Blompotte & kerskandelare of lampies
- Dekor
- DJ / Klank
- Enige ander spesiale versoeke
- R4000 na 24:00 (aand funksie) vir elke uur of gedeelte van uur
- R2000 na 15:00 (oggend funksies)
- R3000 vir oggendtroues na 20h00
- Indien wynbediening tydens ete verlang word, is die addisionele kelners vir u rekening.

## TARIEF EN FASILITEITSFOOI SLUIT DIE VOLGENDE IN:

KROEGFASILITEITE TOT 24:00

- Fasiliteite & koelgeriewe
- Glase
- Yshouers & ys
- Geen kurkfooie op eie water & sap word gehef

- Swemgat vir Vrydagaand braai

AANKOOP OF INHUUR VAN DEKOR

- Help met advies, aanbevelings & kontaknommers

ADDISIONELE DIENSTE

- 1 Dag voor troue: Skoon venue beskikbaar, gereed vir dek.
- Ons dek tafels, soos bespreek.
- Maandag ruim Kaleo personeel op & neem voorraadopname van breekgoed & kroeg.

## UITGESLUIT BY DIE PRYS:

KROEGFASILITEITE TOT 24:00

- Wyn op tafels
- Sjampanje
- Eie wyn & sjampanje: Kurkfooi van R40/oopgemaakte bottel

SPYSENIERING

- Kontak een van ons uitgekontrakteerde spyseniers. Sien kontaknommers by lys van verskaffers
- **Geen buitespyseniers word toegelaat nie.**

- 'n Addisionele fooi word gehef vir admin, telefoon & hantering onkoste vir die aanvra van kwotasies, vir blomme en dekor.
- Vervoerkoste vanaf Kaapstad en terug word op kwotasie bygevoeg.
- U het wel die opsie om self die items by die verhuringsplek te gaan afhaal en terug te besorg.
- Alle dekoratiewe items moet asb. nie later as die Donderdag-oggend op Kaleo besorg word nie.
- Kwotasies is slegs geldig vir 14 dae.

AANTREK VAN BRUID

- Kontak stay@kaleomanor.co.za vir besprekings vir die Manor huis of Cottages.

- Besigtiging van venue is slegs op afspraak beskikbaar en **slegs op weeksdae**.
- Indien 'n bespreking op 'n Publieke Vakansiedag of 'n Sondag geskeduleer word, sal 'n bykomende fooi van toepassing wees. Hierdie bepaling geld ook indien die voorbereiding, wat 'n dag voor die troue plaasvind, op 'n Publieke Vakansiedag of 'n Sondag val.
- Eie dekor moet die volgende **werksdag** voor 10:00 verwyder word.
  **DIE SAAL IS SONDAE TOE.**
- Kwotasies en voorlopige besprekings is slegs vir 14 dae geldig.
- Deposito van 25% is betaalbaar binne 7 dae nadat jy geboek het.
  100% vereffening moet 2 weke voor die tyd gedoen word.
- Kaleo beskik nie oor 'n restaurant vir Sondag ontbyt nie.
- Geen "sparkles" word in die venue toegelaat.
- Artikels wat agterbly na 'n troue word slegs vir 14 dae gestoor en dit word verwag dat u self 'n koerier stuur om items te kom laai en terug te neem indien iets vergete bly.
- Geen meubels mag uit die huise verwyder word en op gras neergesit word tydens foto-sessie nie. Indien dit gebeur, sal daar 'n boete wees asook enige skade wat aan meubels gedoen is a.g.v. buite-toestande sal teen finale faktuur gehef word.